Geopende Deure
NUUSBRIEF

Versterk die oorblywendes in Jemen

Zaid het alles verloor toe sy geloof in Christus ontdek is . . . maar was sy nuwe geloof die moeite werd?

[MEI/JUNIE 2026]



Jemenitiese Christen, Zaid, se visie is om 40 000 aktiewe huiskerke te hê.

Dit was 'n koue aand toe Zaid* uit sy ouers se huis geskop is.

Hy het in die strate van sy stad in Jemen rondgedwaal, verlore, verward. Onsekerheid het sy gedagtes gevul: *"Is hierdie nuwe geloof die moeite werd? Is alles wat ek deurmaak die moeite werd?"*

Hy het in ŉ konserwatiewe Moslem-familie grootgeword en sy bes probeer om God te behaag. Sy onsekerheid oor Islam het hom gelei om na die waarheid te soek. Sy reis was nie maklik of sonder pyn nie.

Maar om na hierdie dapper Jemenitiese broer te luister, is ŉ herinnering aan wat God doen in die lewens van miljoene mense wat alles waag vir hul geloof.

En dit het alles met ŉ droom begin.

"Red my"

Zaid het begin om meer oor die Christendom te leer. Een nag het hy besluit om na hierdie nuwe God oor wie hy gelees het, uit te roep: "Voor ek gaan slaap het, het ek Hom gevra: 'God, sê vir my as U in die Christendom bestaan, en ek sal na U kom. As U bestaan, sê vir my waar U is. Red my.'"

Zaid het daardie nag en verskeie opeenvolgende nagte daarna dieselfde droom gehad.

vervolg op bladsy 2

**Skuilnaam gebruik.*

vervolg vanaf bladsy 1



“Ek was in ḥ welige, groen tuin, en ek het ḥ sterk lig sien skyn. Hierdie lig het al nader aan my gekom, en toe het ḥ stem gesê: ‘Ek het die 99 gelos, en Ek het vir jou gekom.’ Ek het verskrik wakker geword,” deel Zaid, met trane in sy oë terwyl hy die lewendige droom onthou.

“Ek het my foon oopgemaak en ḥ foto het op my skerm verskyn: ḥ Welige, groen tuin en ḥ figuur van Jesus wat daar staan met skape wat Hom omring. Op daardie foto was dieselfde woorde geskryf wat ek gehoor het: ‘Hy het die 99 gelos en vir jou gekom.’ In daardie oomblik het ek gevoel asof die wêreld gestop het.”

Zaid het besef hy het die bevestiging ontvang waarna hy gesoek het!

Zaid se geloof in Jesus het hom onmiddellik in gevaar geplaas in Jemen. Sy pa het van sy Christendom uitgevind toe hy sy Bybel ontdek het. “My pa het my erg aangerand,” sê Zaid. “Ek het kneusplekke oor my hele liggaam gehad. Dit was die eerste keer dat hy ooit sy hande vir my gelig het. Ek het ḥ kant van hom gesien wat ek nog nooit gesien het nie. My pa is ḥ vriendelike en goedhartige man, maar sy reaksie was die teenoorgestelde.”

Nadat hy uit sy familie se huis verdryf is, het Zaid uiteindelik ḥ nuwe tuiste in ḥ ander stad gevind en die bediening betree. Hy het nou met behulp van Geopende Deure se plaaslike vennote ḥ plaaslike dissipelskaphuis begin waar nuwe gelowiges kan bymekaar kom, saam woon en elke dag gedissipel word.

Sy visie is om ḥ veilige plek te voorsien waar daaglikse Bybelstudies aangebied word en waar gelowiges moeilike vrae en swaar onderwerpe met mekaar kan bespreek – ḥ plek om gelowiges toe te rus om huiskerke regoor die land te lei.

“Die bevolking van Jemen is 40 miljoen,” sê Zaid. “My visie is om 40 000 aktiewe huiskerke te hê. Ons wil ḥ stadium bereik waar ons een huiskerk het vir elke 1 000 Jemeniete, ḥ plek waar hulle samesyn kan geniet en saam kan groei.”

Dankie dat jy Zaid en ander gelowiges soos hy ondersteun deur jou geskenke en gebede!

Geopende Deure werk danksy jou geskenke en gebede saam met gelowiges soos Zaid om hoop en genesing aan Christene regoor die wêreld te bring. Besoek www.opendoors.org.za/strengthen-what-remains om uit te vind hoe jy kan help.

Jou ondersteuning in aksie

'n Blik op hoe jou geskenke en gebede vervolgde Christene regoor die wêreld help.

'N UITGEWORPENE VIR CHRISTUS



"As jy nie na Islam terugkeer nie, is jy nie meer my dogter nie."

Dit is die woorde wat die 20-jarige Leila* elke dag agtervolg.

Haar Moslem-pa het haar geloof ontdek toe sy 18 jaar oud was en haar gedwing om na haar gemeenskap in die Suidelike Filippyne terug te keer. Sy is by ŉ Madrasah (Islamitiese skool) ingeskryf en het al meer geïsoleerd geraak, veral nadat haar Christelike ouma oorlede is. Sy was die enigste gelowige in haar familie.

Nou, twee jaar nadat haar familie haar begin vervolg het, het die stilte in Leila se huis nog swaarder geword. Haar pa se ultimatum het ŉ breekpunt bereik: Keer terug na jou tradisionele wortels of staar vir ewig verwerping in die gesig.

Tog het haar geloof in Jesus haar tot ŉ pragtige, stil daad van verset gelei. Leila waag haar veiligheid om ŉ maandelikse aanbiddingsgroep vir die jeug by te woon wat deur Geopende Deure ondersteun word. Hierdie byeenkoms is haar enigste bron van geestelike suurstof.

"Wanneer sy by die vertrek instap, kan jy sien hoe die las van die Madrasah van haar afval," deel Ann*, Geopende Deure se plaaslike vennoot. "Sy word tydens hierdie samesyn herinner aan wie sy werklik is. Hier is sy nie ŉ teleurstelling of ŉ projek wat reggemaak moet word nie – sy is ŉ geliefde dogter van die Koning."

Sal jy jouself verbind tot gebed en jou suster op haar reis bystaan? Jy kan ook help deur jou finansiële ondersteuning aan Geopende Deure om ons in ons werk met Leila en ander Christene regoor die wêreld te help. Ons verseker deur dié geheime samesyn dat Leila nooit alleen in die Liggaam van Christus is nie, selfs al is sy dalk ŉ verstoteling in haar eie huis.

HAWELOOS IN LAOS



Die Houang*-gesin het jare lank vreedsaam in hul dorp in landelike Laos gewoon, in die huis waar hul vier kinders, twee tieners en twee kleiner kinders, grootgeword het.

Maar alles het in Augustus 2025 verander toe een van die Houangs se bure die Evangelie met die gesin gedeel het. Kort daarna het die Houang-gesin Jesus begin vertrou en begin om op Sondae aanbiddingsdienste in ŉ nabygeleë dorp by te woon.

Die nuus dat die Houang-gesin Christene geword het, het blitsig deur die klein dorpie versprei. Verontwaardig oor hul besluit, het dorpsouderlinge en plaaslike beamptes die Houangs gekonfronteer en geëis dat hulle hul geloof verloën.

Ten spyte van herhaalde bedreigings het die gesin geweier en aangehou om kerk toe te gaan. Vroeg in 2026 het die dorpsbewoners ŉ finale waarskuwing gegee: "Verlaat ons dorp nou, of ons sal julle huis vernietig."

Die volgende dag het ŉ woedende skare by die Houangs se huis opgedaag, hul dreigemente uitgevoer en die huis stuk vir stuk uitmekaar geruk.

Ná die vernietiging van die huis het die skare die gesin se besittings buite die dorp en langs die pad gestrooi.

Gelukkig kon die plaaslike kerk help en, danksy jou gebede en ondersteuning, kan ons vennote en kerkleiers die gesin se onmiddellike behoeftes aanspreek terwyl hulle aan ŉ langtermynoplossing vir die Houang-gesin werk. Bid asseblief vir die Houangs vir krag, bemoediging en standvastige geloof terwyl hulle aanhou om ernstige vervolging te verduur.

**Foto geneem uit ŉ video wat die vernietiging van die Houangs se huis wys.*

GENESING IN SIRIË



ħ Klein groepie van vyf kinders sit op blou stoele rondom twee klein tafeltjies. Op die tafels is balletjies kleurvolle klei en klein vormpies om diere, harte en sterre te maak.

Saam met die kinders sit ħ vrou in haar twintigs. Sy het lang, krullerige swart hare en dra ħ denimbaadjie met snaakse slagspreuke daarop. Sy praat met een van die kinders terwyl sy die res van die groep adviseer oor hoe om die klei te gebruik.

Jy kan hierdie toneel by talle kleuterskole in die wêreld vind.

Maar dit is nie ħ kleuterskool of ħ voorskoolse sentrum nie. Die kinders werk met die klei. Hul gesigte is ernstig, en daar is geen gelag of opgewonde geselsery nie. Dit is nie ħ gewone groep Siriese kinders nie. Die vrou is ħ berader, en dié jongmense is hier omdat hulle dinge gesien het wat geen kind moes aanskou nie.

Hierdie kinders was almal by die Sint Elias-kerk in Damaskus toe ħ selfmoord-bomaanvaller hul kerk aangeval het. Die aanval op 22 Junie 2025 het ħ merk gelaat op die harte en gedagtes van baie Siriese Christene en hierdie klein kindertjies is getraumatiseer.

Vandag is die groep aan die einde van een van die beradingsessies wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote in Sirië ondersteun word. Littekens van die ontploffing is nog steeds sigbaar. Jong Sarah het haar sig in een oog verloor, en sy het twee van haar ooms en ħ tante verloor. Sy sien steeds hoe haar pa sukkel om van sy ernstige beenbesering te herstel.

Terwyl die kinders met hul klei klaarmaak, eindig die beradingsessie. Hulle sal binnekort huis toe gaan – nie genees nie, maar hopelik verseker dat Jesus hulle liefhet en deur hul pyn by hulle sal wees. Die pad na heelwording sal nie vinnig of maklik wees nie, maar hierdie sessie is ħ begin deur God se genade en danksy die geskenke en gebede van Geopende Deure-ondersteuners.

Jou geskenke en gebede maak hierdie werk moontlik en wys aan Siriese kinders dat hulle nie alleen is nie. Dankie!

Moedig onverskrokke geloof aan!

Volgelinge van Jesus op baie plekke regoor die wêreld waag alles om Hom te volg, maar hulle doen dit tog. Jou geskenk vandag kan help om gelowiges te versterk wat jou geloof deel, maar nie jou vryheid nie. Besoek www.opendoors.org.za/strengthen-what-remains om meer uit te vind. Jou geskenke en gebede maak só ħ groot verskil vir diegene wat vervolging en onderdrukking vir hul geloof in Christus in die gesig staar!



*Verteenwoordigende name word in hierdie nuusbrief gebruik vir sekuriteitsredes.